Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

## Potensiaal

Dit is belangrik dat mens van kleins af bewus sal wees van jou gawes en uniekheid, en dit sal ontwikkel. Jy moet ook van vroeg af leer om verantwoordelikheid vir jou eie optrede te neem en die neiging om ander vir jou probleme te blameer, te oorkom. Selfvertroue en die verbintenis om net jou beste te gee, is 'n kragtige waarde.

-Gesels oor die uitdrukking: "Mik na niks en jy sal dit elke keer tref."

-Hoekom is dit belangrik om volgens 'n mens se potensiaal te leef?-Hoekom is dit belangrik om vriende te hê wat volgens hulle potensiaal leef?

-Wat,in die geestelike sin van die woord, sou jy sê is die potensiaal wat God wil hê elkeen van ons moet verwesenlik?

Lees die tekste stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Dink jy Paulus het sy potensiaal in terme van God se verwagting bereik? Lees 1 Korintiërs 11:1 en 1 Tessalonisense 1:4-8.

Soms stel 'n mens vir jou sekere doelwitte op grond van jou potensiaal, maar dan bereik jy dit nie. Hoe moet 'n mens dit hanteer? Lees 2 Samuel 7. God sê vir Dawid nee hier. Hoe hanteer hy dit? Lees ook Spreuke 19:21 saam hiermee.

Is doelwitte wat 'n mens nie bereik nie regtig nuwe geleenthede om God te vertrou en aan te hou probeer?